| | |
|---|---|
| | **PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>**PRIVAATSAK X53**<br>**PRINCE ALBERT, 6930** |

**KENNISGEWING NR. 199/2022**

| |
|---|
| **DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE** |
| **AFDELING: VASTE AFVAL – VULLIS VERWYDERING** |
| **VAKATURE: ALGEMENE WERKER-<br>TOEGANGSBEHEER (STORTINGSTERREIN)<br>WC052-1.7.1.1.3.2** |

**EKSTERNE KENNISGEWING**

*Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as*:

***ALGEMENE WERKER TOEGANGSBEHEER: STORTINGSTERREIN (PRINCE ALBERT)***

## MINIMUM VEREISTES

- Graad 10
- Een (1) jaar relevante ondervinding
- Moet bereid wees om oortyd te werk
- Moet bereid wees om oor naweke en publieke vakansie te werk
- Moet bereid wees om in enige werksomstandighede te werk
- Goeie interpersoonlike -,menslike- en kommunikasievaardighede
- Geletterd in ten minste twee van die amptelike tale van die Wes-kaap.

## BEVOEGDHEDE

- **Funksionele/Professionele Bevoegdhede:** Bestuur van werk; Werksplek Veiligheid; Taak verantwoordingspligtigheid en Mondelinge Kommunikasie
- **Openbarediensoriëntering Bevoegdhede:** Diensleweringoriëntering; Interpersoonlike verhoudings en Kommunikasie
- **Persoonlike Bevoegdhede:** Aksie- orienteering: Volharding; Verantwoordingspligtigheid en etiese gedrag; Leeroriëntering; Impak en Invloed en Spanoriëntering

## PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

- Pas toegangsbeheer en kontrole toe by vullisstortingsterrein.
- Hou rekord / register van alle besoekers by vullisstoringsterrein.
- Hou rekord / register vragte en volume vullis wat daagliks by vullistortingsterrein gestort word.
- Roetiene heining patrollies en algemene inspeksie van perseel.
- Rapporteer insidente en enige gebreke en tekortkominge by terrein aan toesighouer.
- Algemene netheid van die perseel.
- Uitvoer van redelike opdragte op versoek van toesighouer.

**SALARIS : T 3 – R 112 634, 04 per jaar ( R 9 386, 17 pm)**

Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele: Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsidie, ruim verlof- en siekverlof en 'n dertiende tjek na 12 maande diens.

**STATUS VAN POS : PERMANENT**

**SLUITINGSDATUM : VRYDAG 11 NOVEMBER 2022 OM 15:00**

Aansoeke moet gerig word op die voorgeskrewe aansoekvorm (verkrygbaar van die munisipale webblad of Menslike Hulpbronkantore), vergesel van 'n dekbrief, curriculum vitae, oorspronklik, gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument, en moet gerig word aan **Mnr. Abridon Sass**, **MENSLIKE HULPBRONNE AFDELING ,** Privaatsak X53, Prince Albert, 6930 voor of op **VRYDAG 11 NOVEMBER 2022 OM 15H00.**

Kandidate moet bereid wees om onderwerp te word aan 'n onderhoud en evalueringsproses en bewus wees dat vorige werkgewers en verwysings gekontak kan word en hul kwalifikasies, kredietrekord kan geverifieer word.

Navrae kan gerig word aan **Mnr. Abridon Sass by Tel. 023 541 1036 of per e-pos (jobapplications@pamun.gov.za).**

Die Munisipaliteit van Prins Albert is 'n gelyke indiensneming-werkgewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue applikante aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 90 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

| | | |
|---|---|---|
| **PRINS ALBERT MUNISIPALITEIT**<br>**Private Bag X53,**<br>**PRINS ALBERT**<br>**6930**<br>**Epos:**<br>**jobapplications@pamun.gov.za**<br>**Tel. (023) 5411320**<br>**Faks. (023) 5411321** | SERVIMUS | **ALDRICK HENDRICKS**<br>**WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER**<br>**01 NOVEMBER 2022** |